

Saterdag 23 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 8:1-7

Fokusgedeelte: Nehemia 8:7

Leef jou passie vir die Here uit

Die volk kom soos een man bymekaar om in 'n sekere sin van die woord "kerk" te hou. Die belangrikste in hierdie erediens is die Woord van God, meer spesifiek die wet van die Here. Die gemeente luister aandagtig. Toe Esra die wet oopmaak, staan die gemeente en prys die Here en antwoord met "Amen!"

Met die eerste oogopslag lyk dit nogal bekend. Dit lyk amper soos ons eredienste. As ons mooi kyk, sien ons dat die geleentheid met groot vreugde en lofprijsing gepaard ge-gaan het. Dit is die punt van hierdie Skrifgedeelte: die volk hou "kerk", nie met lang gesigte en 'n gemurmureer nie. Dit laat my dink aan Filippense 4:4: "Wees bly in die Here."

As ons aan ons tipiese bedrywighede op 'n dag kyk, met hoeveel vreugde en lofprijsing gaan ons deur 'n dag? Selfs om na 'n erediens toe te gaan, word maklik 'n gewoonte, of ek moet myself uit die bedwing net om erediens toe te gaan. Waar is daardie sponta-aneïteit van die vroeë kerk soos ons dit in ons Skrifgedeelte sien?

Ons dien tog dieselfde God, maar met verskillende passie. Dit is presies wat die Here trots maak op sy kerk dat ons Hom met passie en oorgawe dien. Gaan vandag en probeer doelbewus jou passie vir die Here Uitleef. Jy hoef nie in die strate rond te dans nie, maar laat jou hart klop vir Jesus en gee Hom die lof en vreugde om op trots te wees.

Psalm 84-1:1, 6

Dr. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)